SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## VRAAG 3: DAKKE, TRAPPE EN VERBINDING/HEGTING (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 Verbindingsmetodes vorm 'n integrale deel van konstruksie.

3.1.1 Noem TWEE dakkomponente wat aan mure en steenwerk bo-op die bobou verbind kan word. (2)

3.1.2 Gee 'n rede hoekom 'n basisplaat aan beton geanker word. (1)

3.2 Deur middel van netjiese, vertikale deursneesketse, onderskei tussen 'n *lat* en 'n *voetlat*. Drukskryf die titel en afmetings onder elke tekening. (4)

3.3 Wat is die voorgestelde minimum kopruimte-afmeting, vanaf die steeklyn tot by die plafon, van 'n stel trappe? (1)

3.4 Verduidelik die doel van die skortbalk soos dit by 'n trap gebruik word. (1)

3.5 Gee die voorgestelde verwyderingstyd vir die kante van die trap. (1)

3.6 Wat word die kombinasie van 'n enkele *aantree* en 'n *optree* genoem? (1)

3.7 Noem die voorgestelde afmetings (skedule) vir 'n aantree en optree vir 'n publieke gebou. (2)

3.8 Noem TWEE tipes balustradepatrone. (2)

3.9 Gebruik ANTWOORDBLAD 3.9 en teken volgens skaal 1 : 20 net die linkerhelfte van 'n SA(Howe)-dakkap. Drukskryf die afmetings van enige TWEE dele.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Die totale interne span is 6 000 mm.
- Die oorhang is 300 mm.
- Die helling van die dak is 30°.
- Die dakkap word van 114 x 38 mm hout gemaak.

**WENK:** Gebruik die breeklyn op die ANTWOORDBLAD as verwysing. (15)

**[30]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2.4 Ná die terreininspeksie is een van die hoofdoelwitte wanneer 'n terrein voorberei word om ...

A 'n sloot te grawe.
B 'n basislyn te bepaal.
C bekisting op te rig.
D met uitgrawings te begin. (1)

4.2.5 Verspanning hou kante ferm terwyl ... plaasvind.

A terugvulling
B uitgrawing
C inspeksie
D opleiding (1)

4.3 FIGUUR 4.3 hieronder toon 'n konstruksiemasjien wat op 'n bouterrein gebruik word.



**FIGUUR 4.3**

4.3.1 Identifiseer hierdie konstruksiemasjien. (1)


4.3.2 Verduidelik hoe hierdie masjien versorg moet word nadat dit skoongemaak en alle los grond en vuiligheid verwyder is. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



4.4 FIGUUR 4.4 hieronder toon die apparaat wat gebruik word om beton op 'n konstruksieterrein te toets.



**FIGUUR 4.4**

4.4.1 Watter toets word op beton uitgevoer wanneer hierdie apparaat gebruik word? (1)

4.4.2 Beskryf die doel van hierdie toets. (3)

4.4.3 Noem die DRIE uitkomste van hierdie toets. (3)

4.5 Noem TWEE eienskappe van staalbekisting wat vir bekisting gebruik word. (2)

4.6 Wat sal jy gebruik om bekisting gelyk te maak? (2)

4.7 ANTWOORDBLAD 4.7 toon die onversteurde grond van 'n uitgrawing van 'n vlak sloot.

Gebruik ANTWOORDBLAD 4.7 en teken, in goeie verhouding, 'n vertikale deursneeaansig van die bekisting vir die sloot wat uitgegrawe is. Drukskryf enige TWEE byskrifte. (12)




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



6.2 FIGUUR 6.2 hieronder toon 'n gedrewe in situ-heipaal wat geïnstalleer word.




**FIGUUR 6.2**

6.2.1 Identifiseer dele **A**, **B**, **C**, **D** en **E**. (5)

6.2.2 Teken 'n netjiese skets van deel **E** nadat die proses voltooi is. Toon die simbool vir beton. (3)

6.2.3 Verduidelik die funksie van **D** in die proses. (1)

6.2.4 Beskryf wat met deel **B** gebeur nadat die proses voltooi is. (1)

6.2.5 Verduidelik onder watter omstandighede hierdie tipe heipaal gebruik kan word. (1)

6.2.6 Noem EEN ander tipe heipaal wat in plaas van die een in FIGUUR 6.2 gebruik kan word. (1)

6.2.7 Noem EEN voordeel van die gebruik van deel **B**. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

